# Kareeberg Munisipaliteit

**69/2022 AANBIEDINGE: GEBRUIK VAN OU SLAGPALE-GEBOU - VOSBURG**

Skriftelike, getekende aanbiedinge word hiermee ingewag vir die gebruik van die ongebruikte ou slagpale-gebou. In die aanbod moet duidelik aangedui word waarvoor perseel aangewend gaan word, sowel as die koopprys of huurgeld.

**Die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) moet aangeheg wees, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde aanbiedinge gemerk "**AANBIEDING: OU SLAGPALE- GEBOU**" moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 15 JULIE 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Die geldigheidsduur van die aanbod moet aangedui word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige aanbieding te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige aanbieding as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR A VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

24 JUNIE 2022

L8.2.1

Noordwester 24 JUNIE 2022